# GESKIEDENIS EN POLITIEKE VORMING

*B Heystek (RAU. Hons. Geskiedenis)*

## 1. Inleiding

In 'n poging om die vraag "Waarom studeer ons geskiedenis?" te beantwoord, sê Van Jaarsveld onder andere dat geskiedenis 'n voorbereiding is vir staatsburgerlike verantwoordelikheid. Geskiedenis kan die kind help om staatkundig, nasionaal, kultureel en sosiaal gevorm te word (s.j.: 100).

Wat staatkundige vorming betref verklaar Van Jaarsveld dat die leergang hoofstukke insluit oor burgerkunde en konstitusionele geskiedenis. "Dit is nie om dowe neute nie" sê hy want die "jeugdige is nie 'n enkeling; hy is lid van 'n gemeenskap, kultuurgroep, nasie en staat. As sodanig is hy ingeskakel in bo-persoonlike samehange. Dit is in daardie kringe dat hy eendag sy plek as 'n politiekmondige of volwasse mens moet volstaan . . . Daarom moet hy kennis dra van die staatsinstellinge van sy land en die plek van sy staat in die gemeenskap van volke . . . As die kind weet hoe die land bestuur word en weet wat sy pligte as burger is, kan hy op kundige en verantwoordelike wyse meehelp om die staatsinstellings in stand te hou en verder te ontwikkel" (1974:97).

Ander skrywers deel ook Van Jaarsveld se siening. Die Geskiedeniskomitee van die FAK noem onder andere in 'n memorandum deur hul opgestel dat "Die studie van Geskiedenis bevorder intelligente burgerskap wat voortspruit uit die kennis van die ontstaan van die land se regeringstelsel en die toepassing van gesonde demokratiese beginsels in die beheer van landsake" (12-13). Boyce sê weer dat dit nie alleen die Geskiedenisonderwyser se plig is om toekomstige burgers op te lei nie ("all education . . . is a training for citizenship") maar geskiedenis kan 'n eiesoortige (distinctive) bydrae lewer in die proses (1968: 21).

### 1.1 Probleemstelling.

Uit voorafgaande kom 'n gedagte dadelik by 'n mens op: Is leerlinge wat nie geskiedenis tot matriek neem nie, voldoende toegerus om in die volwasse lewe sy plek vol te staan as meelewende burger in 'n demokratiese bestel.

Die doel van hierdie studie is dus om te gaan vasstel of geskiedenis enigsins help om 'n beter burger te vorm wat verantwoordelik sy plek kan volstaan in 'n demokratiese gemeenskap.

### 1.2 Hipotese

In die lig van bogenoemde kan die volgende hipotese gestel word: "Geskiedenis behoort die burger in 'n demokrasie ten aansien van keuses en belangstelling effektiewer aan die politieke proses te laat deelneem".

### 1.3 Data-insameling

Vir die doel van hierdie studie is eerste- en tweedejaarstudente gevra om 'n vraelys in te vul. (Aanhangsel 1). Aangesien die studente verlede of voorverlede jaar matriek geslaag het, sal die vraelyste 'n barometer van die situasie wees. Vraelyste was uitgedeel aan 'n totaal van 100 BA, B.Com en B.Scstudente wat aan die Randse Afrikaanse Universiteit studeer.

## 2. Resultate

Na terugontvangs van vraelyste, was dit in twee groepe verdeel. Aan die een kant was studente wat Geskiedenis tot matriek geneem het (hoofsaaklik BA studente) en aan die ander kant die wat nie Geskiedenis tot matriek geneem het nie (hoofsaaklik B.Com en B.Sc studente). Dié twee groepe was verder ook verdeel in manlike en vroulike groepe.

Die vraelys was opgestel met die oog om vier konsepte te toets nl. hoeveel kennis die twee groepe studente besit het t.o.v. ons staatkundige opset, staatkundige vernuwings in Suid-Afrika, algemene- en politieke kennis. Geen komplekse statistiese verwerkings is toegepas op die resultate nie; alleen die persentasie korrekte, verkeerde en onseker antwoorde, van elke groep was bepaal. Hierdeur is 'n redelike aanduiding verkry van die huidige stand van sake.

### 2.1 Staatkundige opset

In dié afdeling is stellings gemaak soos:

(a) Suid-Afrika se regeringsvorm is tans op die Westminster stelsel gebaseer en

(b) Die Eerste Minister is ons staatshoof.

Van die studente wat geskiedenis tot matriek geneem het, het 74% die stellings korrek beantwoord, 19% was verkeerd en 7% was onseker. Studente wat nie geskiedenis tot matriek geneem het nie, het net 59,5% die stellings reg beantwoord, 30,5% verkeerd en 10% was onseker.

### 2.2 Staatkundige vernuwings tans in SA

Hier was die volgende stellings gemaak:

(a) Die Presidentsraad is 'n blanke liggaam wat die regering adviseer en
(b) Konsosiatiewe demokrasie kom maar eintlik op een-man-een-stem neer.

Studente wat geskiedenis tot matriek geneem het, was hier net 50% suksesvol, 22% verkeerd en 28% onseker. Studente wat nie geskiedenis tot matriek geneem het nie, was 35,7% reg, 35,3% verkeerd en 29% onseker.

### 2.3 Algemene kennis

Die volgende stellings was in dié afdeling gemaak:

(a) Port Stanley is 'n hawestad in Engeland en
(b) Daar is nie 'n verskil tussen kommunisme en sosialisme nie — die een kom bv. net in Rusland voor en 'n ander in Frankryk.

Studente wat geskiedenis tot matriek geneem het, was hier 78,6% korrek, 13,4% verkeerd en 8% onseker. Studente wat nie geskiedenis geneem het nie, was 76,2% korrek, 13,8% verkeerd en 10% onseker.

### 2.4 Politieke kennis

Die stellings wat hier gegeld het, was die volgende: Die volgende partye se oplossing vir ons rasseprobleem:

(a) PFP — segregasie.
(b) NP — integrasie.
(c) NRP — federasie.

Studente met geskiedenis tot matriek was hier 58,7% korrek, 17,3% verkeerd en 24% onseker. Studente wat nie geskiedenis tot matriek geneem het nie, was 36,5% reg, 26,5% verkeerd en 37% onseker.

### 3. Gevolgtrekking

Uit voorafgaande resultate blyk dit duidelik dat studente wat geskiedenis tot matriek geneem het oor die algemeen beter gevaar het met die invul van die vraelys. Studente wat nie geskiedenis tot matriek geneem het nie, het gemiddeld 13,3% swakker gevaar as dié wat geskiedenis geneem het.

T.o.v. die staatkundige kennis van ons land het die studente wat geskiedenis tot matriek geneem het, ongeveer 14,5% beter gevaar as dié studente sonder geskiedenis tot matriek. Dit is duidelik dat dié hoofstuk in die sillabus dié studente wat geskiedenis tot matriek geneem het, 'n groter voorsprong gee as dié sonder geskiedenis. Leerlinge wat geskiedenis tot matriek neem, het dus as hierdie steekproef as norm geld, beter kennis oor hoe ons land se staatstelsel werk.


In die afdeling oor staatkundige vernuwings tans in Suid-Afrika het altwee groepe studente redelik swak gevaar. Alhoewel dié studente wat geskiedenis tot matriek geneem het 14,3% beter gedoen het, blyk dit duidelik dat hulle nog nie juis weet waaroor dit handel nie. Dit kan heelwaarskynlik toegeskryf word aan die frekwensie van kyk/luister van TV/radio nuus of aktualiteitsprogramme (Fig. 2). Dit kan miskien ook toegeskryf word aan die antwoorde van die damesstudente. Hulle het dié vrae onderskeidelik net 42,9% en 28,6% korrek beantwoord.

In die afdeling wat oor algemene kennis handel, het altwee groepe studente goed gevaar. Die studente met geskiedenis tot matriek het hier net 2,4% beter gevaar as die nie- geskiedenis groep. Die twee groepe het in elk geval hier baie goed gevaar (78,6% en 76,8%). Miskien kan die resultaat toegeskryf word aan die relatiewe bekendheid van kommunisme, sosialisme en die Falkland geskil.

Die studente wat geskiedenis tot matriek geneem het, het ook aldus hierdie steekproef 'n beter politieke insig. Hulle het ongeveer 22,2% beter gedoen as dié studente sonder geskiedenis tot matriek in hierdie opsig. Dit is duidelik dat geskiedenis tog vir die leerling 'n belangrike politieke onderbou verskaf.

Daar kan dus uit hierdie ondersoek afgelei word dat geskiedenis wel 'n rol speel ten einde burgers in 'n demokrasie meer effektief aan die politieke proses te laat deelneem. Natuurlik sou 'n mens kon argumenteer dat die steekproef te klein was vir enige werklik geldige afleidings. Boonop speel daar ook natuurlik baie veranderlikes 'n rol wat nie hier in berekening gebring is nie. Hier word daar byvoorbeeld gedink aan die argument dat geskiedenisleerlinge van nature in die politiek belangstel en dalk nog veel beter behoort te presteer as wat die geval was. Hoe dit ookal sy — politieke vorming in die breë sin van die woord mag nie in die geskiedenisklas verwaarloos word nie. Immers Perikles, 'n groot Atheense staatsman, het verklaar: "We Athenians regard a man who takes no interest in public affairs not as a harmless but a useless character".

**FIGUUR 1 - (PERSENTASIE KORREKTE ANTWOORDE)**



# RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT
# VRAELYS

STUDIERIGTING (Bv. B.A.):..........................................................................................

HOOFVAKKE:..........................................................................................................

GESLAG:...............................................................................................................


HET JY GESKIEDENIS TOT MATRIEK GENEEM?...............................................

L.W. — Trek net 'n kruisie in die toepsalike ruimte.
— Lees stelling goed deur en sê dan of dit waar of ,vals is.

---

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Suid-Afrika se regeringsvorm is tans op die Westminster stelsel gebaseer. | WAAR | ONSEKER | VALS |
| 2. Die Eerste Minister is ons staatshoof. | WAAR | ONSEKER | VALS |
| 3. Die Presidentsraad is 'n Blanke liggaam wat die regering adviseer. | WAAR | ONSEKER | VALS |
| 4. Konsosiatiewe demokrasie kom maar eintlik op een-man-een-stem neer. | WAAR | ONSEKER | VALS |
| 5. Port Stanley is 'n hawestad in Engeland | WAAR | ONSEKER | VALS |
| 6. Daar is nie 'n verskil tussen kommunisme en sosialisme nie — die een kom net bv. in Rusland en 'n ander in Frankryk voor. | WAAR | ONSEKER | VALS |
| 7. Die volgende Partye se oplossing vir ons rasseprobleem: | | | |
| a. PFP — segregasie | WAAR | ONSEKER | VALS |
| b. NP — integrasie | WAAR | ONSEKER | VALS |
| c. NRP — federasie | WAAR | ONSEKER | VALS |
| 8. Luister en/of kyk jy na die volgende programme oor die radio of TV: | | | |
| a. Nuus | JA | SOMTYDS | NOOIT |
| b. Aktualiteitsprogramme | JA | SOMTYDS | NOOIT |

**FIGUUR 2 (TV EN RADIO GEBRUIK FREKWENSIE)**




**Bronne**

FA van Jaarsveld: s.j. Inleiding tot die studie van Geskiedenis, p.100

FA van Jaarsveld: 1974 Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig, p.97

Geskiedeniskomitee van die FAK: Die verlede wat ons eer, pp. 12-13

AN Boyce: 1948 Teaching History in South African Schools, p.21.